

FINANSIËLE RESULTATE: HOE HET BOERE IN 2005 GEVAAR

DEUR

**DR PHILIP THEUNISSEN
COMPUTUS BESTUURSBURO**

Daar is die afgelope tyd wyd in die media gespekuleer oor die finansiële posisie van boere en in hoe 'n mate die lae graanpryse dit beïnvloed het. Selfs nog voordat daar na boere se syfers gekyk hoef te word, kan enigeen die afleiding maak dat pryne wat laer as die produksiekoste van 'n vertakkings is, beslis daartoe moet lei dat boere se finansiële posisie gaan verswak. Die werklike syfers van Computus se studiegroep in die Oos-Vrystaat bevestig dan ook hierdie tendens.

Vertakkings

Die tabel toon aan dat, met die uitsondering van droë bone, al die gewasvertakkings se wins per hektaar vanaf 2004 na 2005 verswak het. Die vernaamste graangewasse, koring en mielies, het verliese van onderskeidelik R694/ha en R385/ha gemaak. Mielies se verlies het ontstaan ten spyte van 'n verhoging in opbrengs terwyl koring se opbrengs 'n klein verlaging getoon het. Die veevertakkings, naamlik melkbeeste, vleisbeeste en skape, het almal weer verbeter vanaf die vorige jaar en aansienlike winste per grootvee-eenheid getoon.

Verandering in inkomstesamestelling

Indien hierdie groep boere se inkomste grootliks uit vee-inkomste bestaan het, sou hulle steeds 'n wins kon toon. Figuur 1 toon egter dat die grootste gedeelte van hierde groep boere se bruto inkomste uit mielies bestaan (18.9%) terwyl aartappels (17.1%) ook 'n wesentlike bydrae lewer. Koring het 10.1% van die bruto inkomste in 2005 gelewer. Hierdie drie vertakkings se bydrae was 28.7, 17.1 en 14.5% in 2004 gewees.

Terwyl die gewasse, met die uitsondering van droë bone, se bydrae tot bruto inkomste almal 'n afname vanaf die vorige jaar toon, het die veevertakkings, spesifiek melk en vleisbeeste, se bydrae gestyg. Daar was 'n wisselvallighed ten opsigte van ander vertakkings omdat dit in 2003 32.0%, in 2004 16.7% en in 2005 weer 25.8% tot bruto inkomste bygedra het. Dit beteken dat alternatiewe vertakkings nie op 'n permanente grondslag geïmplementeer word nie.

Die aanduiding is eerder dat gewasse se bydrae afneem terwyl vee se bydra toeneem.

Inkomstestaat

Ten spyte daarvan dat die veevertakkings steeds 'n wins getoon het, het die gewasvertakkings so swak gevaa dat die totale resultaat 'n verlies was. Die netto boerdery-inkomste (wins voor die vergoeding van vreemde kapitaal) was vir die voorafgaande ses jaar volgens Figuur 2 positief terwyl dit in 2005 negatief was. In 2003 en 2004 was die netto boerdery-inkomste per hektaar onderskeidelik R813 en R517 per hektaar gewees terwyl dit vanaf 1999 tot 2002 gemiddeld ongeveer R200 was. In 2005 was die verlies R98/ha.

Die groei in nettowaarde (wins na vergoeding van vreemde kapitaal en met inagneming van nie boerdery-inkomste) was in 2005 'n verlies van R356/ha terwyl dit in die voorafgaande ses jaar altyd 'n wins was.

Rentabiliteit

Die rentabiliteit van 'n besigheid is vergelykbaar met die rente-opbrengs van 'n belegging by die bank. Die kapitaal wat in 'n boerdery belê is moet derhalwe 'n wins vir die investeerder lewer wat ten minste net soveel maar verkieslik meer is as die beleggingskoers van 'n bank. Die rentabiliteit van 'n besigheid moet ook vir sy eienaar sowel as sy kredietverleners 'n vergoeding kan bied. Daarom word onderskei tussen ondernemingsrentabiliteit (voordat vergoeding op vreemde kapitaal soos rente en huur betaal is) en rentabiliteit op eie kapitaal.

Volgens Figuur 3 was die rentabiliteit van die onderneming en die rentabiliteit van eie kapitaal van Computus se groep boere vir ses jaar positief met 'n hoogtepunt in 2003 waarna dit tot 'n negatiewe rentabiliteit van onderskeidelik -2% vir die onderneming en -11% vir eie kapitaal gedaal het. Die gemiddelde rentabiliteit van die onderneming vir die sewe jaar is 9% terwyl dit vir eie kapitaal 5% is. Die huidige jaar se negatiewe rentabiliteit is dus 'n abnormale verskynsel vir hierdie groep boere.

Solvabiliteit

Die solvabiliteit (eienaarsbelang as persentasie van totale bates) van hierdie groep boere het volgens Figuur 4 sedert 1999 geleidelik vanaf 65% tot 70% in 2003 gestyg. Dit beteken dat hierdie boere se skuld stelselmatig minder geword het. Daarna het dit weer tot 68% in 2004 gedaal. Die abnormaal groot verlies van 2005 het die solvabiliteit tot 62% laat afneem, die laagste in die sewe jaar ter sprake.

Die afname in solvabiliteit beteken dat hierdie groep boere se skuld in een jaar met 6 persentasiepunte toegeneem het. Dit is op twee gebiede sigbaar. Eerstens kon die laer bruto inkomste van die gewasse nie die totale produksiekoste van die oeste delg nie wat beteken dat bank- en produksielenings nie voldoende afgeneem het nie. Tweedens was daar ook nie surpluses beskikbaar waarmee paaiememente betaal kon word nie sodat termynlenings ook nie soos normaal kon afneem nie.

Slotsom

Die produksiejaar wat in 2005 afgesluit is, het die swakste finansiële resulatare in baie jare opgelewer. Dit was hoofsaaklik die gevolg van lae koringopbrengste en swak mieliepryse. Hoewel die veevertakkings goed vertoon het, was hulle prestasie nie goed genoeg om vir die swak resultate van die vernaamste gewasse te kompenseer nie. Die gevolg was dat die boerderye se wins negatief vir die betrokke jaar was en dit het die solvabiliteit van boere met 6 persentasiepunte laat verswak.

Die betekenis hiervan is dat boere redelik naby aan of selfs oor hulle maksimum kredietkapasiteit sal wees en dat verskeie boere selfs sekwestrasie in die gesig kan staar. Hoewel landbouthouerlike nou aansienlik beter lyk, is die aanbreek van die nuwe produksiejaar (Oktober 2005) gekenmerk deur swak planttoestande en lae produkpryse. Boere se hoë skuldvlakke sal dus nie in die huidige produksie jaar daal nie en sal waarskynlik eers in die volgende produksiejaar (2006/07) merkbaar kan verminder, mits landbouthouerlike dan verbeter het.

Bethlehem Februarie 2006

TABEL: WINS EN OPBRENGS VAN VERTAKKINGS VIR DIE AFGLOPE DRIE JAAR						
		Wins			Opbrengs	
		2005	2004	2003	2005	2004
		(R/ha)	(R/ha)	(R/ha)	(Ton/Sak)	(Ton/Sak)
Droëland gewasse:						
Sonneblom		116	427	771	1.4	1.2
Sojabone		-246	141	-21	1.2	0.9
Mielies		-385	303	1094	4.0	3.3
Koring		-694	-315	1605	1.2	1.3
Droë Bone		2235	963	2398	1.4	1.2
Aartappels		2842	6996	6311	2129	1811
Besproeiingsgewasse:						
Mielies		387	2084	7205	9.8	10.1
Koring		2291	4780	6287	5.2	6.6
Aartappels		15016	48010	8622	4375	4382
Veevertakkings:		R/GVE	R/GVE	R/GVE		
Melkbeeste		3019	1511	1690		
Vleisbeeste		605	244	501		
Skape		1689	1025	2492		



